

Die DBAT as bemagtigingsinstrument vir die Afrikaanse taalkunde: rol en moontlikhede

Prof Wannie Carstens (Skool vir Tale, NWU-PUK)

LVSA-kongres, Pretoria, 27-29 September 2010

Sit terug en luister gerus na wat ek te sê oor die DBAT. Dit hou vir elke Afrikaanse taalkundige besliste voordele in. Na afloop van die lesing sal 'n aanhegsel uitgedeel word wat meer inligting bevat. 'n **Demonstrasie** van die gebruik van die DBAT se databasis sal ook na afloop van die lesing gegee word.

1. **Inleiding**

Voordat ek begin, wil ek net eers drie terme verklaar:

BNTL = Bibliografie Nederlandsche Taal- en Letterkunde

BATL = Bibliografie Afrikaanse Taal- en Letterkunde

DBAT = Digitale Bibliografie van die Afrikaanse taalkunde

Hierdie referaat is in wese 'n **vorderingsverslag** van 'n projek (veral rakende die ontwikkeling van 'n BATL) wat reeds oor ong. 16 jaar strek. Die tempo van die projek is heelwat stadiger as wat 'n mens sou wou hê, maar ten spyte van die lang tydsverloop kan daar wel groot vordering gerapporteer word.

Die **BNTL** (Bibliografie Nederlandse Taal- en Letterkunde) is vir navorsers in die Nederlandse taal- en letterkunde 'n standaard-naslaanbron. Dié bron is aanvanklik in lywige boekdele uitgegee, later elektronies beskikbaar gestel via 'n beperkte aantal toegangskanale. Raadpleging vanuit die buiteland was dikwels moeilik, so te sê onmoontlik. In 2005 is begin met 'n vernuwingsprojek om groter toeganklikheid van die bron moontlik te maak. Die gedagte was naamlik dat die BNTL vir almal via die internet toeganklik sal wees en dat wegbeweeg word van die swaar boekdele waarin dit tot

dusver opgeneem is. Dit sal ook vir (geregistreerde) gebruikers moontlik wees om self titels en tekste toe te voeg tot die databasis. In hierdie vernuwingsproses moes daar ingrypend herbepan word oor die beste manier van doen. Hierdie proses is grotendeels afgehandel in 2008. Belangstellendes kan op die BNTL se webwerf verder hieroor gaan lees. Meer inligting hieroor in die aanhegsel wat na afloop van die lesing uitgedeel sal word.

Aan die ander kant is daar sedert die vroeë 1990's pogings aangewend om ook 'n **BATL** (Bibliografie Afrikaanse taal- en letterkunde), gebaseer op die struktuur en beginsels van die BNTL, tot stand te bring. In die res van hierdie praatjie word daar hieroor verslag gedoen.

2. Van die BATL tot die DBAT

Die behoefte aan so 'n bron (ooreenstemmend aan Nederlandse **BNTL**) aanvanklik uitgespreek deur prof. PC Paardekooper, die bekende Nederlandse sintaktikus, toe WAMC hom tydens 'n oorsese besoek gesien het.

- Navraag in taal- en letterkundekringe het getoon dat daar ook belangstelling in so 'n bron vir Afrikaans was. Dit sou dan op opvolger vir die ou bronnegidse beskou kon word.
- **Doel** van die projek: toegang tot akademiese inligting oor publikasies rakende Afrikaanse taal- en letterkunde vir enigeen wat binne én buite SA daarin belang sou stel. Wyse: die aanvanklike plan was om dit in boekvorm soos die BNTL beskikbaar te stel. Mettertyd is besef dat die elektroniese proses *eenvoudiger* en ook *makliker toeganklik* is.
- 1993: Ná korrespondensie met kontakpersoon (mnr. Peeters) by die Koninklijke Biblioteek in Den Haag is 'n konsepuiteensetting van formaat met hulp van PUK gemaak. Dit het getoon dat die BNTL-formaat te kompleks vir die SA omstandighede was. Die formaat is geskaaf vir die unieke SA omstandighede. Medewerker hiermee: 'n jong Phil van Schalkwyk.

- Kontakpersoon by KB vervang en nuwe persoon (Paul Doorenbosch) dryf proses verder en daar kom verfyning van formaat.
- 1997: WAMC en DPvZ besoek Nederland en kom tot 'n werkooreenkoms met Paul Doorenbosch. Ooreenkoms behels: WAMC & DPvZ sal fondse soek en daardeur NALN bemagtig om versamelingstaak te doen. NALN onderneem om taak te verrig – het daarvoor fondse nodig vir (a) beter rekenaarfasiliteite en (b) personeelhulp.
- Rede waarom NALN genader is: NALN is primêre versamelingspunt vir inligting oor Afrikaanse letterkunde en sou *teoreties* ook taak vir Afrikaanse taalkunde kon oorneem.
- 1998: WAMC & DPvZ doen aansoek by Fonds Neerlandistiek en basiese fondse word toegestaan om rekenaarnetwerk op te gradeer. Die PUK-Kanselierstrust van die NWU-PUK het aan die begin ook waardevolle fondse verskaf om die projek van die grond af te kry.
- Helaas: ná talle herinnerings en beloftes oor jare, talle besoeke aan NALN was daar nog geen sigbare resultate teen einde 2003 nie.
- Dit het duidelik geraak dat alternatiewe planne gemaak moes word om die projek van die grond af te kry. Daar is vervolgens besluit dat WAMC verantwoordelikheid sal aanvaar vir die taalkunde-afdeling en dat hy solank sal voortgaan met die projek. Die letterkundedeel sal later bykom (onder leiding van DPvZ) omdat dit reeds grootliks deur NALN gedoen word alhoewel NALN nie die bronne elektronies beskikbaar stel nie.
- Tom Larney, hoof van Ferdinand Postma-biblioteek aan NWU-PUK toon belangstelling om by projek betrokke te raak – hy het fondse beskikbaar gestel om die projek te loods. Maak in samewerking met Heilna du Plooy en Tom Larney (FPB) plan oor werkswyse.

FPB kom selfs met voorstel oor inrig van navorsingslokaal vir Afrikaans – sal daar materiaal beskikbaar stel vir Afrikaans.

- Uit FPB-fondse word projekmedewerker (Hester Lombard) aangestel (tot einde Nov. 2004) en WAMC werk saam met haar stelsel van versameling uit: dui breë kategorieë aan en kom ooreen dat data terugwerkend vanaf 2004 ingesleutel sal word in stelsel. Hester korrespondeer met Karina van Daalen (KB, Den Haag) en konsepformaat kom tot stand.
- Hester (HL) sleutel data in stelsel in – gebaseer op inligting wat WAMC aan haar gegee het. Sluit in soverre dit moontlik is ook kort opsomming van bron in en waar moontlik ook elektroniese kopie van bron. Kom ooreen dat eers konsentreer op artikels in vaktydskrifte, boeke, verhandelinge, proefskrifte. Sluit wel sedertdien ook resensies en koerantberigte in.
- WAMC het die werk aan die indeel van die toepaslike kategorieë en die plaas van materiaal in die betrokke kategorieë oor naweke en vakansies ingepas.
- Hester aanvaar teen einde 2005 'n voltydse pos by biblioteek en sy word in Maart 2006 vervang deur Carla Ubbink wat tot op hede voortgaan met die werk as projekmedewerker. Carla is 'n flinke 77-jarige medewerker. Ek en sy vergader elke week om oor die indeel van materiaal te praat.
- Die Fonds Neerlandistiek is in 2005 opnuut genader vir finansiële steun (koste van medewerker, infrastruktuur) en 'n ruim bedrag word goedgunstiglik toegestaan vir 2006/2007.
- **Waar is die projek tans (2010)?**
 - ✓ Die ideaal is dat inligting oor taal- en letterkunde in één punt gesentraliseer word. Dit was die doel met die plan om NALN te betrek en hulp te gee waar nodig. Dit het ongelukkig nie gerealiseer nie en daarom is die taalkundeversameling weggeneem van NALN. Dalk in

toekoms wel alles bymekaar. Die tyd sal leer wat uiteindelik hier gebeur.

- ✓ Reeds ongeveer 13 600 inskrywings gemaak van taalkundige bronne.
- ✓ Dit dek die volle spektrum van taalkunde vanaf begin 20ste eeu tot 2010.
- ✓ Ons maak hoegenaamd **nie** aanspraak op volledigheid nie. Dit is wel 'n weerspieëling van die data wat via normale kanale toeganklik was vir die projekinisieerder en sy projekmedewerkers.
- ✓ *Het daarom **hulp** – en **aktiewe medewerking** en **bemoëienis** – van Afrikaanse en Nederlandse taalkundiges nodig sodat gekontroleer kan word of alle bronne wel opgeneem is. Dit kan nie net verantwoordelikheid van net een persoon wees nie, want dit kan op die langer termyn 'n probleem skep as die betrokke persoon nie meer beskikbaar is nie.*
- ✓ Probleem is opgelos deur dit 'n projek van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands van die NWU-PUK te maak. WAMC bestuur dit bloot tot tyd en wyl hy nie meer beskikbaar is nie.
- ✓ Neem data op soos beskikbaar raak en raak sien in bronne.
- ✓ Tans besig met skandeer van ouer materiaal sodat dit opnuut beskikbaar gestel kan word – groot bate! Is groot en moeisame taak.
- ✓ Werk aan probleem met kopiereg, veral op ouer tekste. Oplossing: hanteer soos BNTL maak.
- ✓ Befondsingsaansoeke by Fonds Neerlandistiek sedertdien suksesvol. Sonder FND sou daar geen DBAT gewees het nie. Dus groot dank aan FND!!!
- ✓ Moet ook seker maak dat alle publikasies van Afrikaanse en Nederlandse taalkundiges wel in stelsel opgeneem is – dus kruiskontrole. Versoek dus diegene wat aanwesig is om hulle CV's elektronies aan my te stuur.
- ✓ Plan is om ook soos BNTL te maak: moet self inligting in stelsel kan invoer.

- ✓ Daar is ook sedertdien besluit om die naam van die projek te verander van die **BATL** (einddoel) na die **DBAT** (korttermyn doel vir Afrikaanse taalkunde).
- ✓ Die projek het reeds daartoe gelei dat talle ouer bronne (artikels in ouer koerante en tydskrifte) wat vroeër bykans ontoeganklik was en in die argief stof lê en vergader het, elektronies gekopieer is (ingeskandeer is) en voortaan beskikbaar sal wees vir navorsingsdoeleindes – al klaar 'n duidelike wins vir Afrikaans.
- ✓ Enigee kan addisionele inligting aanstuur vir opname in stelsel. **Voorstelle, wenke** is baie welkom!
- ✓ Die stelsel moet verder verfyn word – en ons **sal die hulp van Afrikaanse taalkundiges nodig hê om seker te maak dat die kategorieë korrek ingedeel is en dat alle toepaslike inligting opgeneem is.**
- ✓ Die webadres is nou beskikbaar sodat taalkundiges kan gaan kyk hoe stelsel werk en kommentaar daarop kan lewer.
- ✓ Ons moet ook fondse kry om op langer termyn personeel beskikbaar te hê stel vir voortsit van die werk om die **volhoubaarheid** van die projek te verseker. Ek vertrou die FND sal die vaste vennoot bly.
- ✓ Letterkundeversameling: as NALN dit nie kan doen nie, sal dan ALV nader vir hulp met hierdie taak. Ideaal wel dat NALN vir Afrikaanse letterkunde hierdie taak verrig,
- ✓ ATKV: het betrokke geraak by webblad oor Afrikaanse letterkunde en kan dalk in toekoms groter rol speel.
- ✓ Daar is vorentoe nog baie werk om te doen: kontrole van die bronne en verfyning van die onderskeie kategorieë moet plaasvind (medetaalkundiges sal hier insette moet lewer), tekorte moet aangevul word (alle bronne is beslis nog nie opgeteken nie, net dit waarop ons ons hande kon lê), elektroniese skakels na uitgewers en biblioteke moet bewerkstellig word, die elektroniese beskikbaarheid van boeke moet ondersoek word, e.s.m. Hef aan lê dus nog voor.
- ✓ Tans word gewerk aan 'n plan om ou boeke te laat inskandeer. Verskeie opsies word oorweeg. Alles het

natuurlik koste-implikasies en dit moet te alle tye in ag geneem word.

- ✓ Skakels na uitgewers se webblaaie sal ook verskaf word sodat boeke via die uitgewers self aangekoop kan word.
- ✓ Nuwe netwerke om die werk gedoen te kry, gaan nou nasionaal en internasionaal ontgin word, soos via die Gutenberg-projek (met die hulp van dr Jacques du Plessis van die Univ. van Wisconsin in die VSA). Hier wag wonderlike geleenthede vorentoe. Dit sal alles daartoe bydra om die saak van Afrikaans nog verder te bevorder.
- ✓ Daar was uiteindelik 'n **formele bekendstelling** van die DBAT op 24 Mei 2010 te Potchefstroom. Tydens hierdie geleentheid het WAMC gesê: “Ek het lank sit en wik en weeg voordat ek sover kon kom om die amptelike bekendstelling te begin omdat hierdie projek soos 'n kind vir my is. Ek wou hierdie 'kind' nie die huis laat verlaat nie, maar helaas die tyd daarvoor het ryp geword – hiermee laat ek dan my 'kind' los. Mag hy goed vaar daar buite en net groter en beter word en leer om op sy eie bene te staan. Die DBAT se skakel kom binnekort selfs formeel op die webblad van die DBNTL en daarmee word hy dan selfs 'n internasionale reisiger.”
- ✓ Dus: die DBAT is nou daar buite in die openbare domein en die hulp van Afrikaanse taalkundiges is nodig om dit die ware inligtingsinstrument te maak wat dit kan wees. Dan bemagtig ons die Afrikaanse taalkunde waarlik nasionaal en internasionaal. Hiervoor is **optrede** nodig rakende die volgende:
 - Elke taalkundige moet elektroniese kopieë van sy/haar **artikels** aan ons stuur met die toestemming om dit te mag plaas.
 - Stuur inligting oor **boeke** wat jy geskryf het. Ons sal die webskakels probeer invoeg. As jy dit gee, maak dit dinge natuurlik makliker vir ons.
 - **Kontroleer** of al jou inligting daar is. Indien dit ontbreek, stuur dit aan na Carla Ubbink.
 - **As jy enigiets oor die Afrikaanse taalkunde opmerk wat dalk ontbreek (van watter aard ook al), laat weet**

ons. Help ons verder deur die betrokke inligting te kry om te kan opneem in die databasis.

- Sodra ons gereed is, sal ons inligting versprei oor hoe om self materiaal by te voeg.
- Hierdie projek is vir die Afrikaanse taalkunde – kom ons maak dit ons **almal** se projek!

4. Samevatting

In hierdie referaat is verslag gedoen oor die vordering met sowel die BNTL- as die BATL-projek. Wat betref die BNTL, is dit duidelik dat groot vordering gemaak is en dat dit werklik funksioneel is en as 'n groot hulp in die Nederlandse taalkunde- en letterkundewêreld ervaar word. Wat betref die BATL, is dit duidelik dat goeie vordering gemaak is met die projek en dat dit nou stabiliseer ten opsigte van taalkunde – vandaar dan die DBAT. Die letterkunde verdien beslis nog aandag, maar verwikkelinge rakende NALN kan uiteindelik bepaal wat hiermee gebeur.

Dis ook duidelik dat die DBAT gebaat het by die vernuwingswerk wat gedoen is met die BNTL, veral wat betref data-insameling en databeskikbaarstelling. Dit was dus samewerking 'in die groter belang' van die studie van die Afrikaanse en Nederlandse taal- en letterkunde. Dit is nou ons taak as Afrikaanse taalkundiges om hierdie instrument te slyp tot wat dit kan en behoort te wees. Dit kan ek egter nie alleen doen nie, maar sal elkeen van u u kant moet bring.

18/09/2010